Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeë verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

## AARD VAN BEDRYWIGHEDE

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toeskryfbare inkomste van geassosieerde maatskappye.

Die belange van die groep bestaan hoofsaaklik uit beleggings in tabakprodukte, bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, motorkomponente, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë en verskeie ander handelsmerkprodukte.

## RESULTATE

| Jaar geëindig 31 Maart: | 2007 | 2006 |
|---|---|---|
| Wesensverdienste – Nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit (R miljoen) | **6 853** | 5 464 |
| – per aandeel (sent) | **1 445.4** | 1 130.9 |
| – verwater (sent) | **1 401.3** | 1 106.1 |
| | | |
| Wesensverdienste (R miljoen) | **6 853** | 5 084 |
| – per aandeel (sent) | **1 445.4** | 1 052.3 |
| – verwater (sent) | **1 401.3** | 1 027.7 |
| | | |
| Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen) | **6 942** | 8 202 |
| – per aandeel (sent) | **1 464.2** | 1 697.6 |
| – verwater (sent) | **1 418.5** | 1 671.3 |
| | | |
| Dividende (R miljoen)* | **2 102** | 3 735 |
| – gewoon – per aandeel (sent) | **434.00** | 361.00 |
| – spesiaal – per aandeel (sent) | | 400.00 |

* *'n Finale dividend van 281 sent (2006: 228 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Geen SBM is op hierdie dividend betaalbaar nie.*

## BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

### Rainbow Chicken Beperk (Rainbow)

Gedurende Maart 2007 het Remgro ingevolge 'n reëlingskema 'n aanbod gemaak ten einde die totale uitgereikte aandelekapitaal van Rainbow wat hy nog nie besit nie, te bekom. Die aanvanklike aanbod was vir 'n kontantvergoeding van R16.00 per Rainbow-aandeel, of 9 Remgro gewone aandele vir elke 100 Rainbow-aandele gehou, of 'n kombinasie van bostaande. Op 5 Junie 2007 het Rainbow se aandeelhouers teen die reëlingskema gestem.

'n Alternatiewe aanbod bestaande uit 'n kontantvergoeding van R16.00 per Rainbow-aandeel of 8.1 Remgro gewone aandele vir elke 100 Rainbow-aandele gehou, of 'n kombinasie daarvan, het op 6 Junie 2007 in werking getree. Die laaste datum van verhandeling ten einde aan die alternatiewe aanbod deel te neem is 22 Junie 2007.

Sedert 6 Junie 2007 het Remgro, tot datum, 7 841 819 Rainbow-aandele in die ope mark teen R16.00 per aandeel vir 'n totale bedrag van R126.0 miljoen aangekoop.

### Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF)

Remgro het ooreenkomste met KTI en KIEF aangegaan ingevolge waarvan Remgro hom verbind het om R350 miljoen in KIEF te belê. Die fonds het 'n teikengrootte van R650 miljoen en beoog om in infrastruktuurprojekte, insluitende paaie, lughawens, kragstasies, telekommunikasie-installasies, spoorwegnetwerke, hawens en water- en sosiale infrastruktuur, te belê. Teen 31 Maart 2007 was R4.7 miljoen van die R350 miljoen belê.

### RMB Holdings Beperk (RMBH)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere 6 836 847 RMBH-aandele teen 'n gemiddelde prys van R28.88 vir 'n totale bedrag van R197.5 miljoen bekom. Op 31 Maart 2007 was Remgro se belang in RMBH 23.7% (2006: 23.1%).

### Business Partners Beperk (Business Partners)

Gedurende Januarie 2007 het Remgro 'n verdere 7 070 699 Business Partners-aandele vir 'n totale bedrag van R42.2 miljoen verkry. Op 31 Maart 2007 was Remgro se belang in Business Partners 21.3% (2006: 17.8%).

Weens die verhoogde belang, is Business Partners met ingang van 31 Maart 2007 herklassifiseer as 'n belegging in 'n geassosieerde maatskappy, terwyl dit voorheen onder "Beleggings – Ander" verantwoord is. Slegs dividendinkomste van Business Partners ten bedrae van R5.2 miljoen is gedurende die jaar onder oorsig verantwoord. Met ingang van 1 April 2007 sal Business Partners volgens die ekwiteitsmetode verantwoord word.

### Gencor Beperk (Gencor)

Op 14 Maart 2006 is Gencor onder vrywillige likwidasie geplaas en 'n likwidasiedividend van R0.20 per aandeel is verklaar. In Mei 2006 het Remgro R7.6 miljoen ontvang.

### Sage Groep Beperk (Sage)

Soos voorheen gerapporteer, het Remgro gedurende die vorige finansiële jaar sy 17.9%-belang in Sage aan Momentum Groep Beperk verkoop vir R114 miljoen, of R1.75 per Sage-aandeel. Die verkoopprys het uit 'n aanvanklike betaling van R1.42 per aandeel en 'n potensiële verdere betaling van tot 'n maksimum van R0.33 per aandeel bestaan. Die aanvanklike betaling in September 2005 het R92 miljoen bedra.

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere R6 miljoen, of R0.09 per Sage-aandeel, as gedeeltelike betaling van die potensiële verdere betaling, wat nog onderhewig was aan die uitklaring van sekere belastinggeskille, ontvang.

Op 8 Junie 2007 het Remgro R17 miljoen, of R0.27 per Sage-aandeel, as finale uitkering ontvang nadat die belastinggeskille waarna hierbo verwys word, suksesvol opgelos is.

### Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic)

In Desember 2006 het Remgro 'n verdere 140 000 Medi-Clinic-aandele ten bedrae van R3.3 miljoen verkry. Op 31 Maart 2007 was Remgro se belang in Medi-Clinic 47.6% (2006: 48.0%).

### Terugkoop van Remgro-aandele

Gedurende die jaar onder oorsig het 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro 'n verdere 7 174 384 Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R143.71 vir 'n totale bedrag van R1 031.0 miljoen aangekoop. Op 31 Maart 2007 is 8 554 019 Remgro gewone aandele (1.9%) as tesourie-aandele gehou. Geen afgeleide transaksies wat tot die terugkoop van Remgro aandele aanleiding kon gee, is gedurende die jaar onder oorsig aangegaan nie.

Die Remgro Aandeletrust het gedurende die jaar onder oorsig 563 000 Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R132.68 vir 'n totale bedrag van R74.7 miljoen aangekoop, terwyl 262 016 aandele aan deelnemers gelewer is teen betaling van die inskrywingsprys.

## *Sedert die jaareinde*

### PG Groep van Maatskappye (PG)

Remgro het, onderhewig aan sekere opskortende voorwaardes, 'n belang van 25% vir R700 miljoen in PG verkry. Na verwagting sal die transaksie op die kort termyn nie 'n wesentlike invloed op Remgro se verdienste hê nie.

PG is die grootste motorvoertuig- en bouglas maatskappy in Afrika met 'n suksesvolle geskiedenis van meer as 'n 100 jaar. *PG Glass* en *Shatterprufe* word beskou as twee van die sterkste handelsmerke in Suidelike Afrika en is sinoniem met motorvoertuig- en bouglas in die streek. Verder is PG ook 'n groot uitvoerder van motorvoertuigglas na Europa en die Verenigde State van Amerika. PG bedryf 'n wye verskeidenheid vervaardigers en groot- en kleinhandelbedrywe in beide die motorvoertuig- en boumarkte. 'n Nuwe "dryfglas"-aanleg ('n R800 miljoen belegging) wat met die jongste tegnologie toegerus is, en kapasiteit met 80% sal verhoog, is gedurende April 2007 in gebruik gestel. Dié aanleg sal tot gevolg hê dat Suid-Afrika 'n netto uitvoerder van "dryfglas" word. Daarbenewens het PG beduidende beleggings in sy motorvoertuigglas-aanlegte gemaak. Hy is nou ideaal geposisioneer om voordeel te trek uit die groei in die bou- en motorvoertuigsektore.

### Tsb Sugar Holdings (Eiendoms) Beperk (Tsb Sugar)

Tsb Sugar het op 31 Januarie 2007 'n ooreenkoms aangegaan om sekere suikerrietplase in die Nkomazi-area aan grondeisers kragtens 'n grondhervormingstransaksie vir 'n bedrag van R285 miljoen te verkoop. Die effektiewe datum van die transaksie is 1 April 2007.

Die plase en biologiese landboubates sal van die nuwe eienaars gehuur word en 'n gesamentlike bestuursmaatskappy sal elke plaas bestuur. Tsb Sugar en die nuwe eienaars het elk 'n 50%-belang in die bestuursmaatskappye.

## KONTANTBRONNE EN AANWENDING

**Die maatskappy se kontantbronne op 31 Maart 2007 is soos volg:**

| | Plaaslik<br>R miljoen | Buiteland<br>R miljoen | Totaal<br>R miljoen |
|---|---|---|---|
| Per gekonsolideerde balansstaat | 1 867 | 3 137 | 5 004 |
| Min: Kontant van ander bedryfsfiliale | (647) | – | (647) |
| Kontant by die kern | 1 220 | 3 137 | 4 357 |
| Toeskryfbare gedeelte van R&R se kontant | – | 2 151 | 2 151 |
| **Beskikbare kontant** | 1 220 | 5 288 | 6 508 |

Die finale gewone dividend per aandeel is met 23.2% verhoog tot 281 sent. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar tot 31 Maart 2007 het gevolglik met 20.2% gestyg, vanaf 361 sent tot 434 sent.

**Die totale distribusie aan aandeelhouers ten opsigte van die finansiële jaar is soos volg:**

| (Gebaseer op die totale uitgereikte aandele ten tye van betaling) | 2007<br>R miljoen | 2006<br>R miljoen |
|---|---|---|
| Gewoon | | |
| – Tussen | 741 | 694 |
| – Finaal | 1 361 | 1 104 |
| | 2 102 | 1 798 |
| Spesiaal | – | 1 937 |
| Totaal | 2 102 | 3 735 |

Die direksie is van mening dat die groep se kontantbronne, na inagname van bostaande distribusie aan aandeelhouers, voldoende sal wees om beleggingsgeleenthede te benut en die aandeleterugkoopprogram voort te sit.

## GROEP FINANSIËLE OORSIG

### Vergelykbaarheid met vorige jaar

Gedurende die vorige finansiële jaar het verskeie maatskappye in die groep swart ekonomiese bemagtigings (SEB)-transaksies aangegaan. Die rekeningkundige verantwoording van dié transaksies het 'n nie-herhalende koste van R379.7 miljoen op wesensverdienste vir die jaar geëindig 31 Maart 2006 tot gevolg gehad. Weens die wesentlike uitwerking wat die rekeningkundige verantwoording van hierdie transaksies op Remgro se resultate gehad het, word wesensverdienste per aandeel, en die jaar-op-jaar-vergelyking, ook aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste.

Sedert 1 Januarie 2006 word Medi-Clinic as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord terwyl dit voorheen gekonsolideer was. Gevolglik is sekere inkomstestaatitems nie direk vergelykbaar met dié van die vorige finansiële jaar nie.

## Balansstaat

Die ontleding van "Ekwiteit" en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die afdelings aan waarin die belange ingedeel is. Elke afdeling verteenwoordig die hoofbedryfsektor van die beleggings wat daaronder ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n maatskappy hoofsaaklik in een sektor bedrywig is maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

| | 2007 | | 2006 | |
|---|---|---|---|---|
| | **R miljoen** | **R per aandeel** | R miljoen | R per aandeel |
| *Ekwiteit aangewend* | | | | |
| Toeskryfbaar aan ekwiteithouers | **45 672** | **96.69** | 37 494 | 78.14 |
| *Aanwending van ekwiteit* | | | | |
| Tabakbelange | **20 124** | **42.60** | 14 055 | 29.29 |
| Finansiële dienste | **8 593** | **18.19** | 7 105 | 14.81 |
| Nywerheidsbelange | **9 546** | **20.21** | 8 320 | 17.34 |
| Mynbelange | **5 677** | **12.02** | 3 678 | 7.66 |
| Korporatiewe finansies en ander belange | **1 732** | **3.67** | 4 336 | 9.04 |
| | **45 672** | **96.69** | 37 494 | 78.14 |

## Inkomstestaat

| | 2007 | | 2006 | |
|---|---|---|---|---|
| | **R miljoen** | **%** | R miljoen | % |
| *Bron van wesensverdienste* | | | | |
| Tabakbelange | **2 964** | **43** | 2 369 | 47 |
| Finansiële dienste | **1 529** | **22** | 1 147 | 22 |
| Nywerheidsbelange | **1 924** | **29** | 1 184 | 23 |
| Mynbelange | **155** | **2** | 288 | 6 |
| Korporatiewe finansies en ander belange | **281** | **4** | 96 | 2 |
| | **6 853** | **100** | 5 084 | 100 |

| | **2007** | 2006 |
|---|---|---|
| | **R miljoen** | R miljoen |
| *Samestelling van wesensverdienste* | | |
| Filiaalmaatskappye en gesamentlike ondernemings | **888** | 1 061 |
| Winste | **900** | 1 088 |
| Verliese | **(12)** | (27) |
| Geassosieerde maatskappye | **5 965** | 4 023 |
| Winste | **5 965** | 4 048 |
| Verliese | **–** | (25) |
| | **6 853** | 5 084 |

## MAATSKAPPY NETTO WINS EN AANWENDING

| | **2007** | 2006 |
|---|---|---|
| | **R miljoen** | R miljoen |
| Die maatskappy se eie verdeelbare reserwes aan die begin van die jaar bedra | **2 779** | 7 986 |
| Netto wins vir die jaar | **3 356** | 4 188 |
| Aandele gekanselleer | **–** | (4 535) |
| Dividend Nr 12 van 228.00c per aandeel betaal in Augustus 2006 (Augustus 2005: 198.00c) | **(1 104)** | (1 034) |
| Spesiale dividend van 400.00c per aandeel betaal in Augustus 2006 (Augustus 2005: 600.00c) | **(1 937)** | (3 132) |
| Dividend Nr 13 van 153.00c per aandeel betaal in Januarie 2007 (Januarie 2006: 133.00c) | **(741)** | (694) |
| Die maatskappy se eie verdeelbare reserwes wat oorgedra word na die volgende jaar bedra | **2 353** | 2 779 |

## AANDELESKEMA

Gedurende die jaar het die trustees van die Remgro Aandeleskema gewone aandele aan deelnemers aangebied soos volg:

| Datum | Aanbod-prys (Rand) | Aantal aandele aangebied | Aantal aandele aanvaar tot 31 Maart 2007 |
|---|---|---|---|
| 02/05/2006 | 132.60 | 562 | 562 |
| 02/06/2006 | 133.00 | 323 | 323 |
| 26/06/2006 | 135.00 | 563 227 | 563 227 |
| 03/07/2006 | 135.01 | 4 279 | 4 279 |
| 15/08/2006 | 137.80 | 1 308 | 1 308 |
| | | 569 699 | 569 699 |

Die huidige stand van die Remgro Aandeleskema is soos volg:

| | Gemiddelde aanbodprys (Rand) | Aantal aandele |
|---|---|---|
| **Gewone aandele verskuldig aan deelnemers** | | |
| Vorige finansiële jaar | 59.24 | 3 093 691 |
| Aangebied en aanvaar in huidige finansiële jaar | 135.02 | 569 699 |
| Aandele betaal en gelewer | 49.52 | (262 016) |
| Diensverlatings en ander | | (4 380) |
| Totaal op 31 Maart 2007 | 72.65 | 3 396 994 |

Verwys na aantekening 26 by die finansiële jaarstate vir volledige besonderhede met betrekking tot die Remgro Aandeleskema.

## HOOFAANDEELHOUER

Rembrandt Trust (Edms) Beperk (Rembrandt Trust) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 44.84% (2006: 44.42%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 103 en 104.

## FILIAALMAATSKAPPYE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en ander beleggings word in Bylae A en B uiteengesit.

## DIREKTEURE

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 10 en 11.

Kragtens die bepalings van die statute tree mnre P E Beyers, W E Bührmann, P K Harris, J Malherbe, M M Morobe, D Prins, M H Visser en mej M Ramos volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

Mnr J F Mouton het op 11 Oktober 2006 as direkteur uitgetree. Die raad wil hom graag bedank vir sy bydrae.

Mnr J Malherbe is op 11 Oktober 2006 as nie-uitvoerende direkteur aangestel en mej M Ramos en mnr M M Morobe op 26 Maart 2007 en 18 Junie 2007 onderskeidelik as onafhanklike nie-uitvoerende direkteure.

## BELANGE VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure in die uitgereikte gewone aandelekapitaal van die maatskappy, het in totaal op 31 Maart 2007, 0.88% (2006: 0.80%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 105.

## DIREKTEURSVERGOEDING

Die raad beveel aan dat die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, op R1 846 000 (2006: R1 870 000) vasgestel word.

## AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaalmaatskappye van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet 61 van 1973, soos gewysig ("die Maatskappywet"), en die noteringsvereistes van die JSE Beperk ("die noteringsvereistes"). Daar word verder aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om die direkteure te magtig om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

Spesiale besluite om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing vir die algemene jaarvergadering wat op bladsy 106 verskyn.

## SPESIALE BESLUITE

Geen spesiale besluite is deur die maatskappy se belangrikste filiale geneem waarvan die aard wesentlik mag wees met betrekking tot die stand van sake van die groep nie.

## DIVIDENDVERKLARING

### Dividend Nr 14

'n Finale dividend van 281 sent (2006: 228 sent) per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2007 geëindig het.

### Betaling

Die finale dividend is betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 17 Augustus 2007, geregistreer is.

Aandeelhouers mag nie in die periode van Maandag, 13 Augustus 2007, tot Vrydag, 17 Augustus 2007, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer of rematerialiseer nie.

## SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 102.

## GOEDKEURING

Die finansiële jaarstate op bladsy 49 tot 101 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.

**Johann Rupert**
*Voorsitter*

**Thys Visser**
*Hoofuitvoerende beampte*

Stellenbosch
18 Junie 2007